CONQUESTA
is 'n lid van
ASTEMI
SCIENCE TECHNOLOGY ENGINEERING MATHEMATICS INNOVATION
OLYMPIADS & COMPETITIONS

031 764 1972 (Suid-Afrika)
www.conquestaolympiads.com
conquest@iafrica.com

CONQUESTA 2020

Gryp die uitdaging!

Sosiale Wetenskappe – Graad 7

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood *(sien voorbeeld 1 hieronder)*. Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(sien voorbeeld 2 hieronder)*.

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d

Kyk na die kaart hieronder om vrae 1 en 2 te beantwoord.



1. Die kaart hierbo staan bekend as 'n …… kaart.
(a) fisiese (b) straat-
(c) skets- (d) roete-

2. Die St. Peterskerk is in ……
(a) Kerkstraat. (b) Hoogstraat.
(c) Sewende laan. (d) Parklaan.

3. Waarna verwys die simbool/sleutel/legende ... op 'n kaart?
(a) Brug. (b) Poskantoor
(c) Polisiestasie. (d) Kliniek.

4. 'n Roosterverwysing bevat ……
(a) slegs syfers.
(b) slegs letters.
(c) syfers en letters.
(d) Nie een van bostaande nie.

5. 'n *'Geograaf'* is 'n persoon wat …… bestudeer.
(a) kaarte
(b) grafieke
(c) geografie
(d) geologie

6. Wanneer ons 'n roete mondelings verduidelik, sal ons dikwels ……
(a) handgebare gebruik.
(b) die roete in woorde beskryf.
(c) die afstand skat.
(d) al bostaande doen.

7. Identifiseer die skaal hieronder.
(a) Vertikale. (b) Lineêre. (c) Woord. (d) Gewig.



8. Die skaal regs is 'n voorbeeld van 'n ……
(a) woordskaal.
(b) lynskaal.
(c) verteenwoordigende skaal.
(d) Nie een van bostaande nie.

1 cm op 'n kaart = 100 km op die grond.

9. Watter voorbeelde word ingesluit as sake van die dag?
(a) Natuurrampe. (b) Skuldkrisis.
(c) Wêreldbeker. (d) Al bostaande.

10. Die aarde se …… is omtrent 2 200 km dik.
(a) kors
(b) binne kern
(c) buite kern
(d) mantel



11. Warm lawa van 'n vulkaan …… om soliede rots te vorm.
(a) verkoel (b) verhit
(c) vries (d) Nie een van bostaande nie.

12. Konveksiestrome is ……
(a) verhit tot 'n baie hoë temperatuur sodat dit vloeistof word.
(b) die rand van tektoniese plate.
(c) sirkelbewegings van materiaal in die mantel.
(d) Nie een van bostaande nie.

Voorbeeld

13. Die wêreld se aktiefste vulkane word in die …… Oseaan gevind.
(a) Stille (b) Atlantiese (c) Indiese (d) Arktiese

14. Vulkane word veroorsaak deur ……
(a) die aarde se kors.
(b) botsende tektoniese plate.
(c) die mantel wat gly.
(d) Nie een van bostaande nie.

15. Hoeveel provinsies in Suid-Afrika het in 2011 vloede ervaar, waarin 130 mense gesterf het?
(a) 8 (b) 7 (c) 6 (d) 4

16. Wat is 'n skokgolf?
(a) 'n Kraak of swakpunt in die aarde se kors.
(b) 'n Krag of sterk uitwerking.
(c) Hulp wat aan mense verleen word in tye van nood.
(d) 'n Skerp drukverandering wat deur 'n medium beweeg, veroorsaak deur 'n ontploffing of deur 'n voorwerp wat vinniger beweeg as klank.

17. Wat is die term vir 'n groot golf water wat deur 'n aardbewing veroorsaak is?

(a) Tsoenamie. (b) Aardbewing
(c) Vloed. (d) Trek…oom.

18. In hoe 'n mate 'n aardbewing die mense in 'n gebied affekteer, hang van 'n aantal dinge af. Dit sluit in ……
(a) hoeveel mense in die gebied woonagtig is.
(b) die kwaliteit van die geboue waarin hulle woon.
(c) Beide (a) en (b).
(d) Nie een van bostaande nie.

19. In watter jaar het die aardbewing in Haiti plaasgevind?
(a) 2010 (b) 2011 (c) 2012 (d) 2013

Mense se aksies kan soms meehelp om vloede te veroorsaak.

20. Watter keuse hieronder identifiseer 'n aksie wat op 'n vloed mag uitloop?
(a) Om nie stedelike stormwaterdreinering te hê nie.
(b) Om voldoende dreinering in strate van stede en dorpe te voorsien.
(c) Plaasboere brand of verwyder nie natuurlike plantegroei nie.
(d) Om baie groot damme te bou waarin al die water kan versamel.

21. Watter uitwerking het vloede op mense en die land?
(a) Siektes kan maklik nà 'n vloed versprei.
(b) Mense word beseer of verdrink.
(c) Beide (a) en (b).
(d) Nie een van bostaande nie.

22. …ens… bou …… om hulself teen vloede te beskerm.
(a) tydelike damme
(b) versperrings
(c) putte
(d) Nie een van bostaande nie.

23. Wyses om die impak van vloede te verminder, sluit in:
(a) om dreinering langs die pad te bedek.
(b) om nedersettings weg van rivieroewers te bou.
(c) om dreinering in nedersettings te verbeter sodat water vinnig kan wegvloei.
(d) Beide (b) en (c).

24. Timboektoe was 'n handelsentrum, en is 'n stad in ……
(a) Mali. (b) Wes-Afrika.
(c) Mekka. (d) die Sahara Woestyn.

voorbeeld